NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN 2014

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulp-eksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2014

AFDELING A LETTERKUNDE

Die kandidaat moet elkeen van die stellings in Deel A uitbrei en dan volledig in 'n mini-essay/literêre opstel bespreek. Die assessering moet gefokus wees op die korrektheid, die relevansie en die volledigheid van die inhoud **en** die gehalte van die argumenterende skryfstyl.

Die voorgestelde assesseringsriglyne by elke vraag se antwoord dien as 'n breë raamwerk waaraan die kandidaat se interpretasies gemeet kan word ten einde die gepaste beskrywing op die assesseringsrubriek daaraan te kan koppel vir die finale puntetoekenning.

DRAMA

EEN VRAAG oor elk van die dramas – beantwoord Vraag 1 (oor, **Ek, Anna van Wyk**) óf Vraag 2 (oor **Periandros van Korinthe**).

Elke vraag bestaan uit **TWEE DELE**.

MINI-ESSAY: **betogend**; ondersteun stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks; **woordtal**.

Nasienrubriek – breinkaart-én essay.

VRAAG 1 EK, ANNA VAN WYK (Pieter Fourie)

1.1 **Breinkaart** – twee wêrelde van Anna, wat 'n invloed op die leser-kyker het.

Anna se verlede:

- **haar kennismaking met 'n bose politieke sisteem**
  - Anna is van kleintyd af bewus van apartheid/wit oorheersing – toe reeds het dié godsdiensbeeld en behandeling van die 'ander' aan haar grein gekrap.
  - Rassisme is 'n inherente deel van kulturele orde wat Senior verteenwoordig (Bv. stoeptoneel).
  - Sosio-politieke situasie in SA en blanke heerskappy soos Anna dit in Senior veral sien (rassistiese grappe en optrede teenoor werkers).
  - Politieke stelsel is gebaseer op 'n patriargale orde/waardesisteem wat die onderdrukking van vroue bevorder.

- **haar tyd op Nouvelle Liberté**
  - Op negentienjarige ouderdom as vrou van Pierre (teleurstelling vanweë nie sterk genoeg oor familiewaardes voel nie) na plaas met Senior wat almal met ysterhand regeer.
  - Senior sien haar as 'teelooi' om erfgenaam te kry wat tradisies van plaas kan voortsit.
  - Haar hele lewe op die plaas word oorheers deur haar verhouding met Senior (Anna klaarblyklik enigste een wat haar nie deur Senior laat oorheers nie).
  - Sy word emosioneel gevange gehou op die plaas; die naam is dus ironies.

IEB Copyright © 2014

- **haar verhouding met Senior en haar opstand teen hom**
  - Anna weier om 'n kind te verwag (vanweë epilepsie) en Senior kan haar nie tot teendeel oorreed nie.
  - Koop dokter en dominee om haar te oorreed – eerste oorwinning oor Anna (baan die weg tot volgende oorwinnings).
  - Sy sou egter nie omgepraat word om NIE haar kind vir doopseremonie in te dra NIE (verloor weer, want sy laat val kind en hoor hoe Senior dankie sê dat sy gebed verhoor is).
  - Senior neem haar kind (Junior) van haar af weg – maak hom groot na sy waardes – sy wend haar tot drank.
  - Senior steek Junior teen sy ma op (hy word groot in 'n rassistiese, patriargale en erg konserwatiewe huis – die toekomstige heerser van die Terre'Blanche-dinastie).
  - Senior beledig huishulp – Anna verdedig haar – Senior gee vir Pierre opdrag om hulle in pad te steek.
  - Anna haat Senior – magteloos omdat selfs Pierre nie in opstand teen sy pa kom nie.
  - Senior laat kom nuwe vrou (Rina) terwyl Anna nog in die huis is – Senior weer aan wenkant.
  - Begin wraakgedagtes kry – Senior moet boet (sy wil wen deur hom te vermoor).
  - Senior word vir haar prototipe van bose – rassisme, apartheid, vervalle waardes, haar seun se epilepsie, haar vervreemde man.

Anna se hede:

- **interaksie met die Stem**
  - Stem in die ouditorium geplaas en identifiseer met die gehoor (aanvanklik gelyk asof hy net 'n spreekbuis vir gehoor is en net na Anna se storie wil luister).
  - Later besef ons dat Stem magtiger as gewone toeskouer is – tree op as 'organiseerder' van die gebeure.
  - Ondervra vir Anna, laat situasies herspeel word, kry getuies op en kommentaar van spelers – vertrou dus nie Anna se subjektiewe vertelling nie (bevraagteken dramaturg en regisseur se funksies).
  - Stem aan einde – verwerp Anna se weergawe en gee 'n ander weergawe van Senior se dood (kan nie meer met gehoor geassosieer word nie).
  - Stem het die hele tyd geweet wat gebeur het – Anna verloor weereens (die keer teen die Stem).

- **Anna se 'kant van (haar) saak'**
  - Anna se weergawe (dat sy Senior vermoor het) word nie geglo nie en sy word in inrigting geplaas – na 'n paar jaar word sy op parool vrygelaat om haar kant van die saak te stel.
  - Vir Anna belangrik dat almal moet glo dat sy vir Senior vermoor het – om so laaste bietjie menswaardigheid oor te hou.
  - Dit sou 'n suiweringsdaad wees – ter wille van haarself, haar huwelik, haar seun, haar hele bestaan.
  - Sy verloor egter weer wanneer die Stem uiteindelik haar storie as onwaar afmaak. (5)

1.2 **Mini-essay:** Besluit of Anna se belewing van twee wêrelde die leser-kyker só beïnvloed het dat hy/sy as veranderde mense met nuwe insigte aan die einde gelaat is. (25)

[30]

OF

VRAAG 2 PERIANDROS VAN KORINTHE (D.J. Opperman)

Periandros besef, wanneer dit te laat is, dat hy as heerser gefaal het.

2.1 **Breinkaart** – Periandros het tot by die punt gekom om te **besef dat hy** gefaal het in sy doelstellings en voornemens om Korinthe op alle gebiede suksesvol te maak:

- **Periandros kan nie die simboliek van homself as kwartel in die kou raaksien nie**
  - Kwartel in kou – elke mens word deur sy eie foute of tekortkominge beperk (slegs as jy na oordeel van ander luister, word dié foute verminder of opgehef).
  - Periandros, as intelligente heerser en digter, word so verblind dat hy nie die simboliek raaksien nie, terwyl Kuupselos ('simpelste' van al die karakters) hom dit voortdurend voor die oë hou.
  - Kwartel = tradisioneel simbool van 'doofheid'. Sinspeel dalk op Periandros wat horende doof is vir ander se behoeftes/klagtes.

- **die sederkis word 'n doodsbeeld**
  - Die sederkis (bron van sy lewe en simbool van sy afkoms) word 'n dodelike struikelblok vir sy vrou.
  - Dit word later aan Hera as ironiese simbool van die heiligheid van die huwelik opgedra.
  - In woordewisseling tussen Periandros en Melissa stamp Periandros haar en sy val oor kis en sterf (word onheilsimbool).
  - Hierdie onheil wil Periandros suiwer wanneer hy die houtbeeld uit die sederkis grawe.
  - Net soos hy homself aan die einde offer om sy Ryk te probeer reinig, bied hy die kis as offer vir sy sonde teen Melissa aan.
  - Homself laat hy teen einde vernietig, maar die sederkis word beveilig teen vernietiging.
  - Dit dui op die einde as heerser, maar ook vooruitwysend na die dood.

- **sy suiweringsveldtogte steek vure van opstand aan die brand**
  - Wildevark geoffer vir Spele – ekonomiese doelwit. Dit word simbool van negatiewe magte (onbeheersde drifte).
  - Skoonheidsfees vir Hera – Korinthe se sedes ophef, huwelik weer heilig, rykes van praalsug suiwer, wil klere en juwele deur vuur suiwer en aan Melissa (in doderyk) stuur. Ironies, want hy het haar dikwels verwyt omdat sy mans lok deur haar rokke en reukwater. Ironies dat Korinthe sy sedes wil ophef en huwelik wil reinig – hy was ontrou aan Melissa. Hy straf dus ander terwyl hy inherent onsuiwer en boos is.
  - See wat breek en reinig – die Bakchiadai en die prostitute op die skip.

- **sy hoogste offer word die redding van sy geliefde stad en mense**
  - Om homself as wildevark te offer, kan hy sy Ryk reinig.
  - Kwarteltjie vlieg uiteindelik uit sy kou – dui sowel op die vooruitwysing na Periandros se dood as die bevryding van die mense in Korinthe, aangesien die alleenheerskappy nou beëindig gaan word.

IEB Copyright © 2014

- Periandros beplan sy eie uitwissing (finale suiweringsdaad) – drie sluipmoordenaars moet ou man met die fakkeltjie langs die strand dood en op die strand begrawe.
- Sy dood lui nuwe bestel (demokrasie) in.

- **die ineengevlegtheid van goed en kwaad, soos blyk uit Periandros se optredes, vervreem hom van sy mense.**
  - Weens Periandros se trots neem sy dade demoniese dimensies aan.
  - Verblind deur goue en gevlerkte droom aan die een kant en die beperkings van sy karakter aan die ander kant, word hy ook deur die mense die naaste aan hom (Melissa en Lukophroon), geantagoniseer.
  - Sy onbeheersde woede en hardkoppige najaag van sy droom is ook verantwoordelik vir sy wandade teenoor die Bakchiadai, Melissa, Ganguloon, Prokles (dit verhaas sy ondergang).
  - 'n Swakheid in sy karakter laat hom 'n oordeelsfout begaan toe hy vir Lukophroon en Kuupselos saam met Prokles stuur (nie opsetlike fout nie, maar lei tot sy ondergang).
  - Melissa sê: "Jou vyande daarbuite slaan jy dood, maar in jou maak jy gróter vyande as hulle groot" – Periandros se suiwerings vind buite homself plaas. (5)

2.2 **Mini-essay:** Het Periandros se doelstellings om Korinthe suksesvol te maak, misluk omdat hy as heerser te veel op sy eie vermoë staatgemaak het? (25)
[30]

IEB Copyright © 2014

PROSA

TWEE VRAE oor elk van die romans – beantwoord Vraag 3.1 OF 3.2 (oor **Geldwolf**) óf Vraag 4.1 OF 4.2 (oor **Equatoria**).

Elke vraag bestaan uit **TWEE DELE**.

LITERÊRE OPSTEL: ondersteun stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks; **woordtal**.

VRAAG 3 GELDWOLF (Carel van der Merwe)

3.1 Konflik vanweë korrupte leierskap

3.1.1 **Breinkaart** – konflik in Stephen Winter se sakewêreld:

- **Politiek**
  - Minister Moloi (Binnelandse Sake) eis dat Stephen Winter Afrifem (huidige swart bemagtigingsvennoot) met Amandla Holdings te vervang – vir Icard-tender.
  - Mtambo wou ook Empower, swart maatskappy, by SiriusCorp inwurm en Stephen was magteloos.
  - Stephen besef nie die mag van 'n skurk soos Godfrey Mtambo en sy skoonpa nie.
  - Hy onderskat die Afrifem-vrouens – maak reuse saak teen hom en SiriusCorp wanneer hy dit die minste kan bekostig.
  - Jim Harris waarsku Stephen dat hy met vuur speel omdat hy politieke figure en sindikate verag en hulle probeer onderkry met teenaanvalle van korrupsie en bedrog.
  - Tekens van opstand onder sakegenote – begin houvas as uitvoerende hoof van SiriusCorp verloor.

- **Ekonomie**
  - Stephen Winter se doelwit – om biljoenêr te word.
  - Hy neem besluite sodat dit lyk asof dit van ander kom – aartsmanipuleerder en skroom nie om jonger en onseker bestuurders van die Sirius subgroepe te verneder en te dreig nie.
  - Die wenner-vat-als-beginsel wat aan magnate mag gee.
  - Die rede waarom SW aan SEB moet deelneem.

- **Geld**
  - Geld was altyd in sy kleintyd 'n probleem (ma moes pot aan kook hou; pa verdwyn; ma sterf en hy moes na 'n Heilsleërkoshuis toe gaan – raak betrokke in oneerlikheid en steel geld).
  - Altyd genoeg kontant (R4 000) by hom (skoon note) – die geldspel is 'n skaakspel waar hy die skuiwe maak en hy speel vuil – benaming 'Geldwolf' kom hom goed te staan.
  - Subgroepe en filiale begin toenemend geldelike probleme ondervind – SW kan dit nie langer beheer nie.
  - SW eindig met R1 biljoen in sy bank, maar SiriusCorp leef voort onder nuwe bestuur (nie soos SW dit wou gehad het nie).
  - SW se gierigheid om net meer en meer te besit – geld wat verduister is en terugbetaal moes word, kom op die lappe en Tantalus-transaksie word een van die spykers in sy doodkis.

IEB Copyright © 2014

- **Korrupsie**
  - Jong fondsbestuurder, Johan Olivier van Conslife (een van SC se filiale), vind uit van 400 miljoen rand wat SW weggesteek het in Tantalus Investments en dreig om dit openbaar te maak.
  - SW luister na die wyse waarop Mtambo omkopery en bedrog voorhou as aanvaarbaar by staatskontrakte (SW bewus van verkeerdheid daarvan, maar dit maak nie meer saak nie).
  - Mtambo en Moloi word ontmasker (hulle verdwyn).
  - SW gebruik Gaby en sy kinders se trustgeld om sy eie aandele te finansier.

- **Die gereg (wetstoepassing)**
  - SW se beleggingsbank wil nie langer die Anchor-aankope ondersteun nie.
  - Hy minag wet en gereg – oortree en betaal is sy motto (of betaal nie en kyk wat hulle daaromtrent doen).
  - Die polisie beset sy huis vir ondersoek as deel van Godfrey en Moloi se ondersoek (hul bedrog en korrupsie veroorsaak dat hy oor dieselfde kam geskeer word). (5)

3.1.2 **Literêre opstel** – Beredeneer of Stephen Winter se korrupte leierskap verantwoordelik was vir die meeste konflik in die ekonomiese wêreld van SiriusCorp. (25)
[30]

OF

3.2 Voorblad en gebeure

3.2.1 **Breinkaart** – gepastheid van die buitebladgegewens ten opsigte van Stephen Winter se funksionering in die roman:

- **Titel**
  - Bekende idiomatiese benaming in Afrikaans – negatiewe beskrywing karakteriseer dus onmiddellik die hoofkarakter (nog voor leser enigiets van hom weet)
  - Leser toets SW aan hierdie benaming vanuit die leesproses.
  - Wolf – vraatsugtige roofdier wat op swakker diere aas (gewetenloos) – skelm en sal enige iets doen om teenstanders te uitoorlê.
  - Geldwolf – mens wat kenmerke van wolf ten opsigte van ander mense openbaar.
  - SW – vraatsugtig, beheervraat (doel is geld) wat menslikheid ondergeskik stel aan doel om geld te maak.

- **Skets (nie 'n foto nie)**
  - Skets dui op storiekarakter (nie as mens van vlees en bloed nie); element van onwerklikheid in die uitbeelding; 'n naïewe beeld van die sakewêreld.
  - Figuur in formele swart pak dui op 'n konvensionele sakeman.
  - Vierkantige bonkigheid kom styf en onbuigsaam voor.
  - Swart kleur dui op onheilspellendheid – voorspel gevaar/ dood.

IEB Copyright © 2014

- **Skets (man se rugkant)**
  - Kan man nie eien – ware self word versteek (rug en geen gesig).
  - Agterbaksheid, skelm, verlede wat weggesteek word.
  - Dalk ook: draai sy rug op iets nadat misdaad (bloedhand) gepleeg is.

- **Skets (man se bebloede hand)**
  - Hand agter rug gee indruk dat iets weggesteek word (verskansing van self).
  - Bloed aan hand – idiomatiese uitdrukking ('bloed aan sy hand') wat beteken om skuldig aan moord te wees (of ondergang van iemand te bewerkstellig).
  - Bebloede hand sinspeel ook op die aard van die dade wat in die sakwêreld nodig is!
  - Kan ook sy uiteinde voorspel.

- **Motto**
  - 'Behind every great fortune there is a crime'.
  - Blyk dat SW se rykdom en opgang in die geldwêreld aan misdaad verbind word.
  - Leser word bewus van korrupsie, geldwassery, geldknoeiery, omkopery, geldverduistering en afpersing.
  - Saam met benaming, Geldwolf, en die bloedhand op skets, is daar min twyfel dat hierdie tipe misdaad inderdaad in die boek gaan voorkom.
  - Leser moet ook die aard/erns van verskillende misdade teen mekaar opweeg. (5)

3.2.2 **Literêre opstel** – Beredeneer gepastheid van die visuele voorstelling en binnebladmotto van die roman aan hand van kerngebeure. (25)
[30]

OF

VRAAG 4 EQUATORIA (Tom Dreyer)

Beantwoord Vraag 4.1 OF Vraag 4.2 wat oor die roman **Equatoria** gestel is.

4.1 Willis Reed se soeke na sin in sy lewe

4.1.1 **Breinkaart** – Willis Reed se droom om die okapi te vang:

- **Die eenhoring vs. die okapi (in konteks van die roman)**
  - Stamme in Wes-Afrika jare bewus van okapi; Weste se verbeelding eers later aangegryp.
  - Okapi was 'n mitologiese, byna eenhoringagtige dier in die verbeelding. (Suggereer 'n opwindende avontuur.)
  - Die mite van die eenhoring (fabeldier) – geneeskundige kragte van horing (sou alle siektes wegneem/gif daaruit verwyder).

- **Droom vs. werklikheid**
  - Willis Reed se drome (eenhoring, die okapi en Alice) staan dikwels lynreg in teenstelling met die werklikheid.
  - In tropiese woude van Belgiese Kongo word die mite wat hy rondom homself en sy ekspedisie opgebou het gekonfronteer deur 'n ongenaakbare werklikheid.
  - Hy vertrou op die wetenskap en die onafwendbaarheid wat op hom wag, maar nou wil die okapi nie saamwerk om die droom en werklikheid bymekaar uit te bring nie.
  - Lizzie word die sondebok – haar dood lei tot sy verbranding van alles wat hy van reis opgeskryf het – verbrand al sy illusies en wanopvattings.
  - Hy aanvaar die werklikheid – dat hy nooit beroemd sal wees nie.

- **Egosentrisme vs. nederigheid**
  - Willis se ekspedisie – reis waartydens hy gedwing word om sy selfbeheptheid te laat vaar en aan ander se behoeftes te dink.
  - Voel anders wanneer hy in Kongo is – met beplanning van ekspedisie, het hy baie ander ervarings ontsê.
  - Wanneer hy die okapi het, wonder hy wat dit help en hoekom hy daar is.
  - In sy kennismaking met die Afrika-mense kon hy nie anders as om sy meerderwaardigheid en selfbelang te laat vaar nie (HULLE was hier sy meerdere en sy sleutel tot oorlewing).

- **Skuld vs. onskuld**
  - Gedagte van skuld en aandadigheid word in die roman onder die vergrootglas geplaas.
  - Genl. De Quincy sê dat 'n gemeenskaplike skuld hulle bind – Willis ontken dit.
  - Later erken hy: "Genl. De Quincy het gesê 'n gemeenskaplike skuld is al wat ons saambind, en hy is dalk nie heeltemal verkeerd nie. Ons almal trap in dieselfde strik."
  - Identifikasie van die okapi met die eenhoring bevestig dat Willis 'n onderliggende motief vir sy jagtog het ('Ek voel van kleinsaf 'n soort skuldgevoel, asof ek veronderstel is om meer met my lewe te doen').
  - Onskuld – Alice se ontasbare beeld (soos Willis van haar het); okapi word Willis se uitkomkans om te bewys dat daar nog iets in hom steek.

IEB Copyright © 2014

- **Wetenskap vs. bygeloof**
  - Willis besef mettertyd dat mites die magiese of religieuse wêreldbeeld van die primitiewe mens vergestalt.
  - Die wetenskap maak nie meer plek vir mites nie (vir alles is daar 'n logiese verklaring).
  - Die mens word met homself gekonfronteer – Willis opsoek na homself (singewing). (5)

4.1.2 **Literêre opstel** – Besluit of Willis Reed se soektog na die okapi in Afrika 'n soeke na die sin van sy lewe was. (25)
[30]

OF

4.2 Equatoria positief of negatief

4.2.1 **Breinkaart** – simbole in Reed se soektog:

- **Equatoria as 'n positiewe simbool:**
  - Equatoria is die stoomboot waarmee Willis-hulle terug na beskawing gaan (met of sonder die okapi).
  - Dus 'n simbool van hoop, voltooiing, doelwitbereiking en sukses en roem.
  - Pas perfek in by beplanning om sukses te verseker.

- **Equatoria as 'n negatiewe simbool:**
  - Wanneer boot sy opwagting maak, lyk dit na spookskip (soos in Willis se nagmerries).
  - Word dus simbool van mislukking, vergetelheid en die dood.
  - Arriveer te laat.

- **Willis en die werklikheid met die okapi:**
  - Week-oue okapi is gevang – sterf as gevolg van gebrek aan moedersmelk.
  - Daar is wel ander diere en dierematériaal versamel.
  - Willis verbrand alles (saam okapi-kalfie) – besef soektog was gedoem om te misluk.
  - Verkry insig wanneer hy alles opgee/verloor.

- **Willis se droom oor die okapi:**
  - Om eerste keer 'n lewende okapi na Europa toe te neem.
  - Soektog na okapi te omskryf, word die gegewe van eenhoring gebruik (soektog na eenhoring is gedoem tot mislukking).

IEB Copyright © 2014

- **Equatoria se koms: nagmerrie of droom?**
  - Willis begin sy soektog in Afrika as die soektog na die sin van sy lewe.
  - Hierdie verinnerliking van die soektog (verlange en begeerte), vorm die ruggraat (sukses) van die roman.
  - Willis besef sy lewe is niks meer as 'n morsige, teenstrydige bondel verlangens en begeertes nie.
  - Die begeerte na 'n vol, voltooide lewe en wêreld bly bloot dit: 'n begeerte.
  - Equatoria se koms = droom, want hy verkry insig/sin.
    = nagmerrie, want hy moet met leë hande en roemloosheid (in rou) terugkeer na Europa. (5)

4.2.2 **Literêre opstel** – Beredeneer of Willis Reed Equatoria positief of negatief ervaar het en watter simboliek uiteindelik in sy soektog geseëvier het. (25)
[30]

60 punte

IEB Copyright © 2014

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

KORT SKRYFSTUKKE

VRAAG 5

HIERDIE VRAAG IS VERPLIGTEND.

REDAKSIONELE KOMMENTAAR – geslagsgelykheid in groot maatskappye

Die volgende kenmerke is belangrik by die skryf van redaksionele kommentaar**:** 'n treffende opskrif, inleiding en slot, inhoudsparagrawe volgens die opdrag, gepaste register en taalgebruik.

Redaksionele kommentaar is die hoofartikel wat deur die redakteur van 'n koerant of tydskrif geskryf word.

[20]

EN

DOEN NOU VRAAG 6 <u>OF</u> VRAAG 7

VRAAG 6

VERSLAG: Manlike en vroulike bestuurders – wie suksesvolste in doelstellings en mense-verhoudinge (redes and voorbeelde).

<u>Meneer en Dame, waardeer en respekteer mekaar</u> ***[interessante opskrif]***

Nataniël sê: "Dame, as hy nie by die deur kan wag dat jy eerste instap nie, is hy NIE die man vir jou NIE." So het Nataniël ons graadtwaalfs weer bewus gemaak van hoe 'n seun teenoor 'n meisie moet optree; hoe die meisie dit as't ware moet verdien. ***[Interessante inleiding wat die doel van die verslag weergee.]***

Verskaf kortliks inligting oor die vrae: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Die vrae kan subopskrifte wees en of bloot in opstelvorm weergegee word.

Brei nou uit op die vrae.

Skryf treffende slot wat alles saamvat.

- Taal en styl moet by die informele verslag pas.
- Paragrawe moet volgens die logiese verloop van die gebeure wees.
- Die informele verslag is kort en bondig.
- Adjektiewe kan gebruik word om die verslag interessant te maak en om te beskryf.

[20]

IEB Copyright © 2014

OF

VRAAG 7

KOERANTBERIG: Nuutverkose vroulike besturende direkteur wat daarin kon slaag om 'n maatskappy van ondergang en korrupsie te red sonder om werknemers se dienste op te skort.

Etiket-foendi bring leerders terug op sjarme-pad [KOP – Trefkrag om leser te prikkel – moet ww bevat. Wees bondig.]

Pieter Joubert [Naam van joernalis]

Inleiding: Kort samevatting (hooftrekke) van WIE, WAT, WAAR, WANNEER, WAAROM, HOE. Helder, boeiend, maar eenvoudig in BEDRYWENDE VORM geskryf. Gewoonlik een sin.

Liggaam (2e paragraaf): Bevat detail van inleiding. Kort, saaklik en op die punt af.

Liggaam (ander paragrawe): Nou volg die feite in al die ander paragrawe in orde van belangrikheid. Kort, saaklik en op die punt af.

Slot: Geen formele slot nie. Feite word slegs in orde van belangrikheid gegee (minste belangrik is laaste). So kan berig 'afgesny' word om in gegewe spasie te pas. Die klem is op sensasionele feite.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2014

ADDENDUM A

Rubriek vir betogende opstel – Drama: mini-essay

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD (15) Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente. Kennis en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL (10) Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 **A: 80 – 90%** **A+: 90 – 100%**	**Uitmuntend** **12 – 13 punte** **14 – 15 punte**	Gesofistikeerde bewys van eie siening – persoonlike mening oortuigend gestel en gemotiveer. Interpretasie uitstekend. Uitmuntende kennis en begrip van teks.Gepaste aanhalings en situasies uitstekend gekies en akkuraat ingeweef. Alle aspekte van opdrag uitstekend uitgevoer.	**Uitmuntend** **8 – 10 punte**	Inleiding stel standpunt uitstekend. Slot uitmuntende opsomming. Struktuur en samehang volg plan akkuraat. Baie sterk betogende styl. Register en woordeskat puik. Taalfunksies en lengte korrek.
Kode 6 **B: 70 – 79%**	**Verdienstelik** **11 punte**	Bewys van eie siening – persoonlike mening duidelik gestel en gemotiveer. Goeie interpretasie van onderwerp. Deeglike kennis en begrip van teks. Gepaste aanhalings en situasies goed gekies en ingeweef. Alle aspekte van onderwerp goed uitgevoer.	**Verdienstelik** **7 punte**	Inleiding stel standpunt duidelik met slot gepaste afsluiting van betoog. Struktuur en samehang volg plan sinvol. Sterk betogende styl. Register, woordeskat baie goed. Taalfunksies en lengte korrek.
Kode 5 **C: 60 – 69%**	**Beduidend** **9 – 10 punte**	Eie siening opmerklik – kan persoonlike mening stel en motiveer. Ken en verstaan teks en kan interpreteer. Aanhalings en situasies gebruik, maar soms losstaande en effe onakkuraat. Die meeste aspekte van opdrag goed uitgevoer.	**Beduidend** **6 punte**	Inleiding en slot heel goed verwoord. Struktuur en samehang volg plan. Betogende styl op gangbare wyse volgehou. Register en woordgebruik heel gepas. Taalfunksies meesal korrek. Lengte kan pla.
Kode 4 **D: 50 – 59%**	**Voldoende** **8 punte**	Redelike bewys van eie siening – persoonlike mening wel merkbaar. Motivering redelik. Interpretasie gewoon. Kennis en begrip van teks toon leemtes. Keuse van bewyse uit teks lukraak en losstaande. Aspekte van opdrag aanvaarbaar uitgevoer.	**Voldoende** **5 punte**	Inleiding en slot toon poging tot standpunt-inname en opsomming. Betogende styl nie volgehoue nie. Neig tot vertelling. Register en woordgebruik soms onakkuraat. Taalfoute raak opmerklik. Lengte pla.
Kode 3 **E: 40 – 49%**	**Matig** **6 – 7 punte**	Min sprake van eie siening. Geykte, geleerde weergawe. Motivering van min waarde. Interpretasie baie gemiddeld. Kennis en begrip van teks kom kort. Sukkel om gepaste bewyse uit teks te gebruik. Sommige aspekte van opdrag uitgevoer.	**Matig** **4 punte**	Inleiding en slot voldoen nie aan vereistes nie. Styl: vertelling oorheers. Plan skaars merkbaar in struktuur. Register en woordgebruik soms onakkuraat en hinderlik. Taalfoute raak steurend. Lengte pla.
Kode 2 **F: 30 – 39%**	**Basies** **5 punte**	Eie siening nie merkbaar nie. Motivering feitlik afwesig. Begrip en kennis van teks gebrekkig. Bewyse uit teks feitlik afwesig. Min aspekte van opdrag aangeraak. Bedoeling van opstel moeilik om te lees. Voorbereiding blyk onvoldoende te wees.	**Basies** **3 punte**	Inleiding en/of slot afwesig. Min tekens van beplanning. Selfs vertelling onakkuraat. Register byna afwesig. Woordkeuse dikwels foutief. Heelwat steurende taalfoute. Lengte onvanpas.
Kode 1 **G – H: 0 – 29%**	**Ontoereikend** **0 – 4 punte**	Geen tekens van eie denke nie. Respons betrek skaars onderwerp en opdrag. Moeilik om opstel te verstaan. Foutiewe en onvolledige kennis van teks. Bewyse uit teks afwesig. Onvoldoende voorbereiding.	**Ontoereikend** **0 – 2 punte**	Inleiding en slot afwesig of nutteloos. Geen tekens van beplanning in opstel nie. Styl onherkenbaar. Moeilik om sin te vind. Baie taal- en spelfoute. Lengte waarskynlik problematies.

IEB Copyright © 2014

ADDENDUM B

Rubriek vir die assessering van 'n literêre opstel – Prosa

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD (15) **Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente. Kennis en begrip van die voorgeskrewe werk.**		STRUKTUUR EN TAAL (10) **Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.**
Kode 7 **A: 80 – 90%** **A+: 90 – 100%**	**Uitmuntend** **12 – 13 punte** **14 – 15 punte**	In-diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle bespreek volgens breinkaart. Uitstekende respons (90+, uitmuntende respons) op opdrag. Reeks pakkende argumente, uitgebreid, ondersteun uit die teks. Uitstekende kennis en begrip van teks en genre. Eie siening +++	**Uitmuntend** **8 – 10 punte**	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende, gepaste inleiding en slot. Aanhalings/bewyse uit teks is sinvol geïntegreer. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend, korrek. Register besonder knap hanteer.
Kode 6 **B: 70 – 79%**	**Verdienstelik** **11 punte**	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp.. Alle aspekte van die onderwerp is geskik bespreek, volgens breinkaart. Gedetailleerde respons . Goeie argumente is aangevoer en goed ondersteun uit teks. Baie goeie kennis en begrip van teks en genre. Eie siening merkbaar ++	**Verdienstelik** **7 punte**	Opstel is goed gestruktureerd. Goeie inleiding en slot. Aanhalings/bewyse is goed gebruik. Taal, toon en styl gepas vir die doel. Goeie aanbieding, register korrek
Kode 5 **C: 60 – 69%**	**Beduidend** **9 – 10 punte**	Toon begrip en het onderwerp heel goed geïnterpreteer. Die meeste van die aspekte van onderwerp is bespreek volgens breinkaart. Taamlik gedetailleerde respons. Sommige argumente is gegee, maar nie almal goed gemotiveer uit teks nie. Kennis en begrip van teks en genre is duidelik. Eie siening kom effens kort. +	**Beduidend** **6 punte**	Struktuur is duidelik. Inleiding en slot aanwesig volgens opdrag, maar standpunt en opsomming nie sterk nie. Aanhalings/bewyse soms lukraak aangelas. Taal, toon, styl is grootliks korrek. Aanbieding bevredigend. Register teenwoordig.
Kode 4 **D: 50 – 59%**	**Voldoende** **8 punte**	Interpretasie van onderwerp redelik. Nie alle aspekte van onderwerp is genoegsaam bespreek nie, breinkaart soms geïgnoreer. Detail ontbreek. Bewyse vir argumente kom soms kort. Basiese kennis en begrip van teks en genre. Min sprake van eie siening. meesal geykte idees. Meesal storievertelling.	**Voldoende** **5 punte**	Min bewys van gepaste struktuur. Inleiding en slot aanwesig, maar betekenisloos. Aanhalings/bewyse nie akkuraat nie en swak gebruik. Taal, toon en styl raak soms foutief. Aanbieding redelik. Register soms gebruik.
Kode 3 **E: 40 – 49**	**Matig** **6 – 7 punte**	Baie gewone en gemiddelde poging tot interpretasie van onderwerp. Sommige aspekte van onderwerp ontbreek, breinkaart nie gevolg nie. Min detail. Argumente vaag, min verwysing na teks. Kennis en begrip van teks kom kort. Geen tekens van eie siening nie.	**Matig** **4 punte**	Gebrekkige struktuur. Inleiding of slot is afwesig. Min aanhalings of bewyse, herhaling van idees. Taal foutief, toon en styl nie gepas nie. Register hoofsaaklik afwesig. Foute steurend.
Kode 2 **F: 30 – 39%**	**Basies** **5 punte**	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Verkeerde interpretasie. Breinkaart van min nut. Poging tot argumente, nie verantwoord uit teks nie. Min tekens van kennis en begrip van teks.	**Basies** **3 punte**	Swak aanbieding en struktuur uiters gebrekkig. Inleiding en slot afwesig of heeltemal foutief. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 **G – H: 0 – 29%**	**Ontoereikend** **0 – 4 punte**	Respons is soms in verhouding met onderwerp, maar argumente is ontoepaslik en moeilik om te volg. Swak antwoord. Min toepaslike verwysings. Kennis en begrip skaars merkbaar.	**Ontoereikend** **0 – 2 punte**	Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek word. Geen tekens van logiese benadering nie. Swak taalgebruik, styl en toon foutief.

IEB Copyright © 2014

ADDENDUM C

			INHOUD (40%)						
	RUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE SKRYFWERK		**UITMUNTEND VLAK 7**	**VERDIENSTELIK VLAK 6**	**BEVREDIGEND VLAK 5**	**VOLDOENDE VLAK 4**	**GEMIDDELD VLAK 3**	**ELEMENTÊR VLAK 2**	**ONTOEREIKEND VLAK 1**
	15 punte		Inhoud uitstekend volgens opdrag. Beplanning volledig uitgevoer. Teikengroep +++	Inhoud baie gepas volgens opdrag. Plan volledig uitgevoer. Teikengroep +++	Inhoud bevredigend volgens opdrag. Plan heel goed uitgevoer. Teikengroep ++	Inhoud redelik volgens opdrag. Plan kom effens kort. Teikengroep +	Inhoud baie gewoon. Plan nie sinvol nie. Verbeeldingloos. Teikengroep nie duidelik nie.	Inhoud kom kort. Opdrag net in mate uitgevoer. Plan skiet tekort. Teikengroep onvanpas.	Min insig in opdrag. Inhoud raaiselagtig. Plan faal. Teikengroep onherkenbaar.
STYL (60%)	**Uitmuntend Vlak 7**	Formaat , styl en toon pas opdrag perfek. Register en woordeskat uitstekend gebruik. Sinsbou puik. Taal en spel korrek. Lengte +++	15 100 A+	13.5 90 A+	12.5 83 A	10.5 70 B	9.5 63 C		
	Verdienstelik Vlak 6	Formaat, styl, toon baie goed volgens opdrag. Register en woordeskat baie goed. Hier en daar enkele sin-, taal- en spelfoute. Lengte ++	14 93 A+	13 87 A	12 80 A	11.5 76 B	9 60 C		
	Bevredigend Vlak 5	Formaat, styl en toon heel goed volgens opdrag. Register en woordeskat goed. Enkele taal-, spel- en sinfoute. Lengte ++	12.5 83 A	11.5 76 B	10 67 B	9.5 63 C	8 53 D	7 46 E	
	Voldoende Vlak 4	Formaat effens foutief, styl en toon meesal korrek. Register en woordeskat gewoon. Taal-, spel- en sinfoute soms steurend. Lengte +	11 73 B	10.5 70 B	9.5 63 C	8.5 56 D	7.5 50 D	6 40 E	
	Gemiddeld Vlak 3	Formaat onvanpas. Toon en styl toon leemtes. Register en woordeskat arm. Sinsbou en taal toon tekorte. Lengte-probleem.	10 67 C	9 60 C	8 53 D	7.5 50 D	6.5 43 E	5.5 37 F	4 27 G
	Elementêr Vlak 2	Formaat kry geen aandag nie. Toon en styl onvanpas. Register en woordeskat dikwels foutief. Sinsbou en taal swak. Lengte foutief.			7 46 E	6 40 E	5.5 37 F	4.5 30 F	3 20 G
	Ontoereikend Vlak 1	Min tekens van enige aandag aan formaat, styl en toon. Byna onverstaanbaar. Lengte foutief.					4 27 G	3 20 G	2.5 15 H

IEB Copyright © 2014